Primêre Skool Sunridge Primary School

Tuliplaan, Sunridgepark, 6045
Tel: 0413608100 Faks: 0413608052
E-pos: info@sunridge.co.za
www.sunridge.co.za

Tulip Avenue, Sunridge Park, 6045
Tel: 0413608100 Fax: 0413608052
Email: info@sunridge.co.za
www.sunridge.co.za

**Mini-Omsendbrief 1 van 2022**

Dit is ongelooflik hoe vinnig 'n mens vergeet dat ons eers op 23 Junie 2022 van die maskers ontslae geraak het. Ons was reeds halfpad deur die jaar en kan nou die jaar op goeie voet afsluit. Sunridge Primêre Skool het heelwat vinniger as die meeste skole herstel en ons is so na as moontlik weer terug op dieselfde vlakke as 2019.

Ons pad vorentoe word deur die oorgrote meerderheid mense ondersteun, maar dit is onvermydelik dat daar 'n paar negatiewe stemme sal opklink. Hiermee in gedagte moet ons erken dat daar aspekte is wat aandag en sorgvuldige oorweging nodig het – sonder 'n vooraf bepaalde uitkoms in gedagte. Deur die loop van die jaar het ons waardevolle inligting ingesamel wat ons in staat stel om deeglik vir die toekoms te beplan. Almal is hul eie mening toegedaan, maar ons besluite word op feite gebaseer.

**Buitemuurs**

Dit was 'n geweldige uitdaging om genoeg geleenthede aan ons kinders te bied. Ons kon nie genoeg geleenthede vir ons kinders reël en aanbied nie, en hoewel ons redes kan verstrek, verkies ons om die bul by die horings te pak. Ons het verantwoordelikheid geneem en 'n nuwe plan om beter resultate in hierdie verband te behaal, is ter tafel gelê en sal in werking gestel word.

Baie dankie vir die positiewe ondersteuning in hierdie verband en ons sien uit na 'n realistiese verbetering op afrigtings- en wedstrydgebied. Daar is steeds struikelblokke, maar ons sal oplossings op 'n positiewe wyse vind en die behoeftes aanspreek.

Ons kan nooit die geleenthede en vlakke van beginners en jonger leerders vergelyk nie, want daar sal altyd na die eerste span- en A-span-vlak gestreef word. Hoewel ons miskien teen sterker opponente te staan mag kom, moet geleenthede aangegryp word soos dit oor ons pad kom. Ons eerste spanne en A-spanne bevind hulself ook in dieselfde posisie wanneer hulle buite ons provinsie en teen veel sterker spanne te staan kom. Dit is onvermydelik dat ons soms moet verloor, MAAR hoe jy dit hanteer en hoe jy jouself verbeter, is wat saak maak.

Daar lê 'n uiters opwindende 2023 vir ons kultuurdepartement voor en ons sien daarna uit om daarvan te hoor en dit te sien. Kom ons ondersteun hulle op 'n positiewe wyse – daar lê 'n berg werk voor hulle.

**Pouse**

Met 'n pouse van 30 minute, geskeduleerde breinpouses en 'n "terreinstap" het ons meer vrye tyd gehad, maar ook ons akademiese kontaktyd vermeerder. Dit is egter interessant dat die grade wat die kortste ontspanningstyd gehad het, Gr 6 en 7 was – selfs meer interessant dat hulle feitlik glad nie daaroor gekla het nie. Die grade met die meeste pouses en vrye tyd het die meeste klagtes opgelewer.

Ons het egter hieraan gewerk en met die inligting wat ingesamel is, kon ons besluit om 'n drie tydgleuf-dubbelperiode-stelsel met twee pouses van 20 minute elk vir Gr 4 tot 7 te implementeer. Dieselfde geld vir Gr 1 tot 3, maar met 'n 2/3 tydgleuf-dubbelperiode-stelsel, waarna die dag met een enkele periode

eindig. Dit spreek alle probleme wat positief oorgedra is aan en verseker ook ‘n beheerbare pousediens met dissipline wat gehandhaaf word.

Ons sal baie streng by die snoepiebestellings- en afleweringstelsel moet hou – dit sal ondersteuning van die ouerhuis af verg om te verseker dat ‘n kind nie die geleentheid ontsê word om iets van die snoepie af te ontvang nie.

In die toekoms sal daar ontbyt en koffie voor skool bestel kan word. Die bestellings moet egter die vorige dag geplaas word. Niks anders word voor skool uitgereik/gekoop nie. Ná skool is dit sake soos gewoonlik.  Die ander nuus is dat ons daaraan werk om in 2023 die hekke teen 07:00 oop te maak met sitplek en toesig by die snoepie. Die aspek sal eers deeglik deurgetrap word en ‘n skrywe sal volg indien ons dit kan maak werk.

**Toegang tot die Skoolterrein**

Hierdie beleid is ononderhandelbaar, want die voordele is legio – grootliks verbeterde dissipline, sosiale vaardighede en akademiese uitkomste. Ons kan verwag dat ‘n kalm, rustige en fisies/emosioneel uitgeruste kind die skooldag sal aandurf. Daar sal van kinders verwag word om by die hek binne te kom en na sy/haar klas te stap. ‘n Versoek om ‘n snoepiebestelling te gaan plaas, sal toegestaan word. Leerders sal dan kalm en rustig in die klas sit en lees, voorbereiding doen of studeer, of selfs ‘n vreedsame sosiale gesprek voer – en dit is ononderhandelbaar.

Aangesien die aangeleentheid herhaaldelik in nuusbriewe ter sprake gekom het, is ons tevrede, maar sal steeds na werkbare oplossings soek sonder om onsself in die voet te skiet. Die hekke word steeds om 07:15 oopgesluit tot verdere kennisgewing. Ons is oortuig daarvan dat ons in die nabye toekoms dalk ‘n positiewe oplossing kan bied.

**Fasiliteite**

Die aanbou van vier klaskamers om die las te verlig van huidige kamers wat nie as klaskamers bedoel was nie, sal nie slegs ‘n positiewe uitkoms wees nie, maar waarde tot ons diens byvoeg. Ons wag al lank vir hierdie projek en die verligting van druk op klaskamers is iets waaraan ons al langer as 9 jaar werk. Baie dankie aan die ouers wat die hele pad met ons saamgestap het – die einde is in sig. Talle van hulle sal nooit die vrugte hiervan pluk nie, maar hulle laat ‘n nalatenskap agter en hopelik sal huidige ouers dit nie net as vanselfsprekend aanvaar nie, maar ook, op watter wyse ook al, ‘n bydrae vir toekomstige geslagte lewer om die voordeel te trek.

Die pawiljoenprojek is volstoom op spoed en ná voltooiing gaan ons ‘n nuwe era tegemoet – verskeie byeenkomste sal hier plaasvind en dit is ‘n welkome fasiliteit wat tot stand kom danksy die ongelooflike ondersteuning en verdraagsaamheid van ‘n aantal ouers en vriende van Sunridge Primêre Skool. Nou is die tyd vir alle ouers om ‘n positiewe bydrae tot ons skool te lewer.

Ons moet weereens diegene bedank wat nooit die vrugte sal pluk deur dit as leerder of ouer van Sunridge te benut nie, MAAR ons nooi hulle om dit as gewaardeerde vriende van die skool te doen. U het ‘n verskil gemaak, u laat ‘n nalatenskap agter en u positiewe voorbeeld is daar vir ander om na te volg.

**Lekker lees**

Sommige leerders maak van die geleentheid gebruik om soggens voor skool produktief te lees – dit blyk duidelik uit hul vordering en leesvermoë. Die gemiddelde leesvaardigheid van die skool het sedert 2021

verbeter, maar hoewel dit steeds nie bevredigend is nie, is ons dankbaar dat die maatreëls suksesvol is. Dit hang egter van die kinders af- met ondersteuning van die ouerhuis – om die geleenthede te benut en hul leesvaardighede op te skerp.

Die kern van die saak is dat leesvaardighede van jou ingesteldheid afhang en dat toegewyde lesers die meerderheid leerders die loef afsteek. Lesers sal altyd leiers wees en dit is in die belang van u kind en sy/haar toekoms. Dit is nie ‘n opsie vir hulle om te lees nie – dit is ‘n belegging in die toekoms.

**Prysuitdeling**
Geskikte kleredrag is nie ‘n versoek nie, maar ‘n verpligting as bewys van respek aan ons kinders. Hierdie geleenthede word aangebied ter viering van hulle prestasies en ons verwag dat hulle dienooreenkomstig sal aantrek. Dit is verpligtend vir diegene wat die prysuitdelings bywoon om as teken van respek teenoor hul kinders die semi-formele dragkode te eerbiedig.

Ons het al gesien dat semi-formeel vir sommige mense jeans, T-hemde, gholfhemde, plakkies, crocs en drafskoene beteken. Vir die dames is dit selfs moeiliker, want modeneigings strek nie tot by semi-formeel nie. ‘n Langbroek, knoophemp sonder ‘n das en netjiese skoene is seker nie te veel gevra vir ‘n pappa om na sy kind se spesiale  geleentheid te dra nie? Mammas moet mooi nadink, want dit is ‘n gevaarlike gesprek vir ‘n skool om by betrokke te raak.

Ons kinders het egter vrae gehad oor hul ouers se kleredrag en wil weet hoekom kinders dan formele skooldrag moet dra. Ondersteun asseblief u kind met netjiese kleredrag en besin sorvuldig oor die vereiste van “semi-formeel”. Ouers is spesiaal en ons het nodig dat u u kind ondersteun.

Dit is ook nodig om te weet dat dit nie mooi maniere is om ‘n seremonie te verlaat terwyl ander leerders nog hul pryse moet ontvang nie. Ons laat 75 minute per graad toe en ouers kan die saal daarna verlaat. Ons versoek dat u die saal so gou moontlik binnekom en verlaat, sodat ons die volgende graad kan inlaat.

Ons ruimte is beperk en ons sal nie toelaat dat normale gesondheids- en veiligheidsvereistes in die hek duik nie.

**Algemene Prysuitdeling**
Alle ouers word genooi om slegs u kind se prysuitdeling by te woon.
Graad 1 tot 3 Prysuitdeling  op 28 November 2022 – per graad
Graad 4 tot 7 Prysuitdeling op 29 November 2022 – per graad

**Prestige Prysuitdeling**
Slegs twee genooide volwassenes per genooide kind.
Akademiese Prysuitdeling op 30 November 2022
Sport en Kultuur op 1 Desember 2022

**Skoolfonds**
Hierdie is nie ‘n aspek wat ons in nuusbriewe maklik aanraak nie. Dit is nie altyd aangenaam om vanaf die finansiële departement met die feite gekonfronteer te word nie. Ek fokus op die onderrig van die kind en beskikbare fasiliteite. Dit is tog uiters belangrik dat ouers besef dat om skoolfonds te betaal nie alleen die wet is nie, maar ook die regte ding is om te doen.

Dienste is gelewer en die fasiliteite is gebruik, wanbetaling, swakbetaling en wat ook al stel ons skool in gevaar. Dankie aan ouers wat hulle plig in die verband getrou nakom en saamwerk om Sunridge se toekoms te verseker. Indien u dalk gefaal het, versoek ek u vriendelik om die saak reg te stel.

Ons sien daarna uit dat al ons leerders die jaar suksesvol voltooi, ons is byna klaar met die assessering /eksamen en vra u voorbidding vir die laaste week.

**Prefekte 2023**

Ons het 'n oopstelsel wat toelaat dat enige onderwyser te alle tye enige Gr 6- of 7-leerder kan nomineer om as prefek aangestel te word. Die nominasie, met redes, word dan aan die SBS voorgelê en 'n waarnemingstydperk word toegelaat. Indien daar geen besware van die SBS is nie, kan die leerder dan volgens die Skoolhoof se goeddunke aangestel word.

Dit is vir my 'n groot genoeë om Jayden Kretzman tot die prefekspan van 2023 toe te laat en te verwelkom. 'n Trotse oomblik, MAAR ook 'n ope uitnodiging aan alle Gr 6-leerders om die geleentheid aan te gryp – die stelsel is daar om julle te dien.

Sonskyngroete

M DE VRIES
Skoolhoof